5 Glenwoodweg/Road
Lynnwood Glen
0081 Pretoria
Suid-Afrika/South Africa

Posbus/PO Box 72981
Lynnwoodrif/Ridge 0040
Pretoria, Suid-Afrika/South Africa

Tel: +27 12 472 9514
Faks/Fax: +27 86 759 4189
E-pos/E-mail: seedcert@sansor.co.za
Webblad/Website: www.sansor.org

SANSOR®

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE SAADORGANISASIE

SOUTH AFRICAN NATIONAL SEED ORGANIZATION

NPC Reg No 1989/003392/08

VRYWARING

1. Partye

Aangesien _____
(naam van Gemagtigde Inspekteur)

deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Organisasie (hierna verwys as **SANSOR**) as **Gemagtigde Inspekteur** aangestel is ingevolge die bepalings van die Suid- Afrikaanse Saadsertifiseringskema en aangesien sodanige aanstelling daaraan onderhewig is dat die **Gemagtigde Inspekteur** in diens is van 'n **SANSOR** lid

_____
(firma, maatskappy, beslote korporasie of ander regsentiteit verteenwoordig, hierna verwys as die **Vrywaarder**)

en verder aangesien die **Vrywaarder** ingestem het om **SANSOR** te vrywaar soos hierin bepaal, onderneem die **Vrywaarder** as volg:

2. Vrywaring

Die **Vrywaarder** sal **SANSOR** vrywaar en skadeloos stel teen alle verliese of skade, insluitende maar nie beperk nie tot eise van derde partye, voortspruitend enige *male fide* optrede deur die **Gemagtigde Inspekteur**, insluitend nalatigheid of versuim om volgens prosedures te handel, wat **SANSOR** mag ly as gevolg van genoemde aksies van die **Gemagtigde Inspekteur** terwyl die **Gemagtigde Inspekteur** namens **SANSOR** take verrig in terme van die Suid-Afrikaanse Saadsertifiseringskema, soos ingestel kragtens die bepalings van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976).

3. Tydperk van vrywaring.

Die **Vrywaarder** se aanspreeklikheid ingevolge hierdie vrywaring sal geld vanaf die datum van aanstelling as **Gemagtigde Inspekteur** deur **SANSOR**, en solank as genoemde Inspekteur se magtiging geldig is.

Vervold op volgende bladsy …/2

4. Waarborg van magtiging.

Die persoon wat hierdie vrywaring namens die **Vrywaarder** teken waarborg dat hy/sy behoorlik daartoe gemagtig is en verder dat die voorsiening van vrywaring aan **SANSOR** ingevolge hiervan behoorlik deurdie **Vrywaarder** gemagtig is.

_____
(Volle name en van van persoon wat deur die **Vrywaarder** daartoe gemagtig is)

Gedateer te _____ hierdie _____

Getuies:

1._____

2._____ _____
(Handtekeninge van getuies) (Handtekening van **Vrywaarder** se behoorlik gemagtigde verteenwoordiger)